Kix-pirasie

WELKOM by ‘n nuwe jaar! Neem ‘n foto van julle as groep... ‘n groep-“selfie”. Skryf daaronder: “God se geskenk aan ons dorp/ stad se kinders.” Mens kan selfs op sekere “apps” ‘n raam om die foto sit.

Het jy al aan jouself gedink as ‘n spesiale geskenk vir die mense om jou? Ons droom drome en werk aan projekte en dit bring ons in kontak met ander mense. Hierdie kontak is God se “droom”, God se “projek”.

WY julle aan die Here toe in gebed:

Dank Hom vir elke leier en Sy insette in sy/haar lewe.

Verklaar julle bereidheid om vanjaar saam met Hom te werk.

Lees uit die WOORD Johannes 4. Jesus se “projek” om in Galilea te kom (vers 1-4) het Hom in kontak gebring met die Samaritaanse vrou. Lees sy gesprek met die dissipels en die Samaritane daarna: Joh 4:27-42.

<u>Dink so daaroor na:</u>

- Ek wonder wat was vir jou mooi in die verhaal.
- Ek wonder wat was vir jou belangrik in die verhaal.
- Ek wonder wie sou jy graag in die verhaal wou wees.
- Ek wonder hoe gaan dit wat julle uit Johannes 4 gehoor het die manier waarop julle 2017 WIL AANPAK beïnvloed?